**21 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 117**
**Fokusgedeelte: Psalm 117:1, 2**

## Getuig met lof van die Here se liefde en trou

In Psalm 117 word ons almal kort en kragtig opgeroep om die Here te loof met dankbaarheid wat van sy oneindige groot liefde en sy ewige trou te getuig.
Ons moet Hom prys, so sê die psalmdigter, want sy liefde vir ons is sterk en aan sy trou is daar geen einde nie. So het sy volk Israel Hom leer ken. In sy liefde en trou het Hy hulle keer op keer gered. Hy het sy verbond met hulle gehou en sy beloftes aan hulle gestand gedoen. So het ons Hom ook in Christus leer ken. Hy het sy eie Seun gestuur om ons te kom verlos en al sy beloftes aan ons te vervul. Hoe kan ons dan anders as om Hom sonder ophou te loof en te prys?
Wat egter opvallend is, is dat die psalmdigter nie net vir Israel, of vir ons wat sy liefde en trou in Christus leer ken het, oproep om die Here te loof en te prys nie, maar "alle nasies" en "alle volke" – ook die heidennasies wat Hom nie ken en vrees nie. Een en almal in die ganse wêreld moet Hom loof en prys – élke volk en élke nasie – ja, álmal moet Hom groot maak en verheerlik!
Dit is God se wil dat ook die heidennasies Hom, die enige ware God, sal dien en eer; dat hulle met ons sáám sal jubel en sing tot sy eer. Juis daarom moet ons, soos die digter van hierdie psalm, met lof van sy liefde en trou getuig en uit dankbaarheid tot sy eer lewe. Soos voorsangers in 'n koor moet ons wat sy liefde en trou leer ken het en nog elke dag ervaar, vir hulle die toon aangee, sodat hulle Hom kan leer ken en sy lof oor die ganse aarde kan weerklink!

*Sing: Psalm 100:1, 4 (1936)*

*Ds. AJ Myburgh (Springs)*